**PUKKE!**
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

Jaargang XXXVI | Nommer 15 | 14 Augustus 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

Bussie 13 Tel 25481 | Inligtingsburo 4267/8 | Studentesentrum 22112 x 570/1

**CACHET APTEEK**
U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken.

## SSR-verkiesing

● **Foto's vir verkiesingsbylae:**
Alle kandidate vir die SSR- en Raadsverkiesings moet in die volgende tye by Die Wapadkantoor 'n foto laat neem: Dinsdag 11 tot Vrydag 14 Augustus tussen 13h00 en 14h00 en Maandag 17 Augustus van 11h00 tot 12h00.

● **Nominasies** sluit op Maandag 17 Augustus 12h00. Die appelvergadering vind Dinsdag 18 Augustus plaas.

● Die verkiesingsuitgawe verskyn op Vrydag 21 Augustus.

● Die verkiesing vind plaas op Donderdag 27 Augustus.

## Intekengeld

**DIE HK's gaan binnekort begin om die intekengeld op Die Wapad in te vorder.**

**Die Wapad en Koshuisraad het ooreengekom dat 'n bedrag van R1:00 per student gehef sal word as intekengeld op Die Wapad vir die tweede semester.**

**Die dorpskoshuise se intekengeld sal deur die onderskeie koshuiskaste aan Die Wapad uitbetaal word.**

## Binne

*Die Wapad se bladsyvolgorde verander vandeesweek. Die nuusbladsye is vorentoe geskuif en kunsblad na bladsy ses. Die brieweblad word voortaan regoor die hoofartikelblad geplaas.*

● **Karnaval se nuwe bestuur is bekendgemaak — p2**
● **Reëlings in verband die SSR-verkiesing — p3**
● **Oorsese studente is meer selfstandig — p3**
● **Hoe vind SR-verkiesings op ander kampusse plaas? — p4**
● **Moet Wetenskapsleer weg of moet dit bly? Lesers gee hul menings — p5**

## Nuuswenke

**Algemene Nuus:** Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Koshuis/Sosiaal:** Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Sport:** Griet Gräbe.
**Kuns:** Johan Myburg, Tel 6668.
**Fotografie:** Lynn Pretorius, Tel 4278.
**Saktyd**
**Maandag 13h00.**

# SGD-kinders laat bus uitbrand



● *'n Kleurlingmeisie het brandwonde aan haar gesig en hande opgedoen, toe die bus waarin SGD Kleurlingkinders na 'n avontuurkamp vervoer is, verlede Sondagmiddag aan die brand geraak het. 'n Grasbrand het skade aan drie bande, verfwerk, onderdele en siplekke van die bus veroorsaak.* (Foto: Potch Herald)

**'n JONG Kleurlingmeisie het tweedegraadse brandwonde aan haar gesig en hande opgedoen, toe die bus waarin SGD Kleurlingkinders na 'n avontuurkamp vervoer het, verlede Sondagmiddag aan die brand geraak het.**

Die brand was 'n ongeluk. Daar is nie sprake van saakbeskadiging en nzlilatigheid van die kant van die Voortrekkers of kinders nie. Dit blyk uit 'n polisie ondersoek na die voorval.

Die bestuurder van die bus, Henk Stoker, sê die bus het op pad terug na Potchefstroom gebreek. Die studente wat moes toesig hou, het die kinders alleen gelaat en voertuie gaan haal om hulle te vervoer. Twee meisies het onderwyl hulle weg was, 'n vuur langs die bus gemaak om vleis wat in die bus was te braai. Hulle het 'n vuurhoutjie in die lang gras gegooi, wat 'n grasbrand veroorsaak het. Dit het tot onder die bus versprei en skade aan drie bande, verfwerk, onderdele en sitplekke veroorsaak.

Die kinders wat nog in die bus was, moes deur die vensters spring. Die bagasie is verwyder voordat dit beskadig is.

'n Boer in die omgewing het op die toneel afgekom en die brand met sy waterkar en trekker geblus, voordat dit verder kon versprei. Hy het die beseerde meisie hospitaal toe gebring.

Henk Stoker sê die gees op die kamp was deurentyd goed, behalwe normale struwelings wat voorgekom het.

Die toesighouers was onverantwoordelik om die kinders alleen te los, sê Willem Fourie, SSR-lid vir SGD. Hy sê dit was 'n ongeluk, omdat die kinders alle voorsorgmaatreëls getref het, maar tog nalatig was om die vuurhoutjie in die gras te gooi. SGD sal in die toekoms goeie verhoudinge met die Voortrekkers behou, aangesien die kamp 'n groot sukses was. Die Voortrekkers verdien volgens hom lof vir die oordeelkundige en verantwoordelike wyse waarop hulle skakeling met die Herald en ander gebeure na die brand hanteer het.

Die avontuurkamp is 'n jaarlikse instelling van die Staatmakerkommando op die Puk. Die 49 Kleurlingkinders wat die kamp bygewoon het, is almal lede van die BABS-jeugklub.

Die bus behoort aan Kallie de Bruyn, 'n onderwyser van Gimmies, wat die bus aan die SGD verhuur het nadat hulle nie ander vervoer kon kry nie.

# Puk-behoeftes is nie bevredig

— **Petro Malan** —

**DIE meeste studente meen dat die huidige struktuur van die studentelewe nie meer die behoeftes van die studente bevredig nie.**

Dit blyk uit die SSR-behoeftebepalingsvraelys wat verlede semester deur seniorstudente beantwoord is. Daar is 1800 versprei, waarvan 934 terug ontvang is.

Hierdie behoeftebepalingsvraelys sal Woensdag 19 Augustus tydens die massavergadering bespreek word.

In die vraelys weerspreek studente sommige vrae. Verteenwoordiging op die SSR word deur 81 persent studente goedgekeur en sestig persent meen die SSR-verkiesing is regverdig, terwyl 61 persent meen die prims moet die SSR vorm.

Die reaksie indien oriëntering afgestel sou word is 'n boikot en rewolusie deur agt persent, 22 persent sal hulle samewerking gee, ses persent sal oriëntering ondergronds voortsit, tien persent sal eerstejaars ignoreer en 53 persent sal protes aanteken. Die deelname van seniors in oriëntering is reeds feitlik beëindig, hoewel 82 persent meen dat oriëntering tradisioneel moet voortgaan.

Die meerderheid studente wil hê karnaval moet binne die eerste drie weke plaasvind, terwyl karnaval '82 eers na die Aprilvakansie gehou gaan word.

Sowat 66 persent studente meen dat koshuisraad se standpunt altyd die algemene siening van die Puk-student is en 52 persent meen dat koshuisraad hulle standpunt altyd korrek hanteer en weergee. Kommunikasie tussen die SSR en studentemassa is volgens 84 persent onvoldoende.

Studentė wat protes teen die teenstrydighede wil aanteken, kan dit volgende Woensdag by die massavergadering doen.

# Jan-Louis kry beurs

**DIE Abe Bailey-beurs wat jaarliks aan een student van elke Suid-Afrikaanse universiteit toegeken word, is vanjaar aan Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, toegeken.**

Die beurs behels 'n opvoedkundige besigtigingstoer deur Brittanje.

Om te kwalifiseer vir die beurs, moet 'n student op akademiese gebied sowel as in die georganiseerde studentelewe uitblink. Leierseienskappe word ook vereis. Slegs senior studente of junior dosente onder 25 jaar kan in aanmerking kom vir die beurs.

Die toer deur Brittanje duur van 6 Desember 1981 tot 11 Januarie 1982 waar dit in Londen ten einde loop. 'n Vyfstopkaartjie word dan aan die beurswenners gegee waarna hulle op eie koste verder kan reis. Jan-Louis sal moontlik die geleentheid gebruik om Amerika te besoek.

# Massavergadering

'n MASSAVERGADERING gaan op Woensdag 19 Augustus gehou word.

Die evaluering van die SSR-vraelys, Oriëntering, Karnaval en Intervarsity is van die onderwerpe wat bespreek sal word. Die massa sal ook vrae aan SSR-lede kan stel oor hul portefeuljewerk van die afgelope termyn. Die PU-kaners sal ook 'n bydrae tot die program lewer.

'n Massa-ete sal om 17h30 in die Amfiteater plaasvind. Geen etes sal in die eetsale bedien word nie. Die vergadering sal om 18h00 begin en sal ongeveer 'n halfuur duur.

# Verkoping in SS

OP Woensdag 19 en Donderdag 20 Augustus word 'n spesiale verkoping by die Inligtingshokkie gehou.

Karnaval-T-hemde van 1980 en 1981 sal verkoop word. Puk-serpe en -musse sal saam teen R4 verkoop word. Skryfblokke en koeverte kan teen R1 gekoop word.

Die Besembos van 1980 sal teen R4 verkoop word en 'n verkoping van tweedehandse akademiese handboeke sal ook plaasvind.



**Pelgrimstoere**
**Studentetoer na Israel en Europa**
**Vanaf 25 November tot 16 Desember 1981**
**Toerprys: R2068:00**
**Kontakadres: Leenke Heunis**
**Kasteel Tel: 5316/7**
**Bogenoemde prys sal konstant bly.**



• *Harry Langford (links) en Willem-Piet Beukes was twee van die eerste inwoners van Promosa wat by die Regskliniek kom aanklop het vir hulp.*

# Pukke help met wet

— Zelda Nel —

**STUDENTE van die Puk se Regsvereniging het Woensdagaand, 5 Augustus in samewerkings met SGD vir die eerste keer 'n regskliniek in Potchefstroom se Kleurlinggebied, Promosa, aangebied.**

Die doel van só 'n kliniek, is om gratis regsadvies aan die mense te verskaf in verband met sake wat hulle soms ten duurste na 'n prokureur laat hardloop of laat besluit om sake in eie hande te neem. Die mees algemene probleme ontstaan rondom huurkoop- en behuisingstransaksies en vroue se reg op onderhoud.

SGD het die leemte in Promosa se gemeenskap raakgesien en die Regsvereniging genader om hulp. Toestemming moes eers verkry word van die Prokureursorde van Transvaal. Daar was geen beswaar nie, en dit beteken dat die studente hulle nou heelhartig aan die diens kan wy. Die resultate wat verkry word, sal bepaal hoe permanent hierdie instelling sal wees. Die opkoms vir die eerste keer was groot.

Nico Henning, ondervoorsitter van die Regsvereniging, sê die studente vind hierin 'n geleentheid om praktiese ondervinding in die beroep op te doen. Daar word nie juis voorsiening gemaak in hul sillabus vir só iets nie.

Die kliniek huisves homself elke Woensdagaand in Promosa se munisipale kantore, wat redelik sentraal geleë en maklik bereikbaar is vir die meeste van die dorp se inwoners.

# Christo lei nuwe Karnavalkomitee

**DIE dagbestuur van die Karnavalkomitee vir 1982 is pas aangewys.**

Hulle is Christo Scholtz (voorsitter), Hendrik van der Walt (onder-voorsitter), Fielies Kotze (adjunk-voorsitter), René Reyneke (penningmeester), Janie van der Walt (sekretaresse), Lunell van der Merwe (hulpsekretaresse), Joggie Hattingh (addisionele lid), Petrus van der Walt (addisionele lid).

Kandidate vir die Karnavalkomitee is genomineer deur die verskillende koshuise en rade. Die lede is verkies op grond van ondervinding, menseverhoudinge, organisasievermoë en ander aktiwiteite waaraan hulle voorheen deelgeneem het.

Karnaval gaan later as gewoonlik plaasvind, op 16 en 17 April. Dit word hoofsaaklik gedoen sodat die eerstejaars genoeg kans kan kry om hul voete te vind voordat hulle in die karnavalbedrywighede gedompel word.

Alle aktiwiteite soos rugby, die biertuin, wyntuin, mallemeule en koffiekroeg word geïntegreer op die Karnavalplaas. Dis nog nie seker waar dit sal wees nie.

Goeie nuus vir al die seevaarders, diepseeduikers en lewensredders is dat die veelbesproke Kaap-na-Rio teruggebring word.

'n Vars windjie gaan oor die Karnavalwerf waai in die vorm van 'n Karnavalnooientjie. Sy word gekies op grond van persoonlikheid. Skoonheid sal nie 'n maatstaf wees nie. Sy sal aangewys word tydens die openingsaand op Donderdag 15 April.

Die dames kla al lank dat hulle tydens Karnaval ietwat uit die prentjie gelaat word. Om die teendeel te bewys kom Aster vorendag met 'n modeparade (mans sal natuurlik ook welkom wees!)

Alle studente met positiewe voorstelle en idees vir nuwe aksies kan Christo Scholtz by die Karnavalkantoor kontak.



• *Vergeet-my-nie bedink altyd die interessantste maniere om hulle koshuis se verjaardag te vier. Die geleentheid het hierdie jaar selfs 'n bruidspaar opgelewer. Janet du Plessis is die stralende bruid langs haar bruidegom, Mariaan Bezuidenhout.*

# Vergeet-my-nie word agt in Vrystaat

**MET drie hoera's en 'n piep het Vergeet-my-nie Donderdag 6 Augustus begin en met 'n Vrystaatse draai tot in Bloemfontein verjaar.**

Die dames het vroeggegend glasies geklink toe Marika Claassens as sjampanjenooi en Annelie Willemse en Manda van der Merwe as haar twee prinsesse aangewys is.

Die tafels van R1 en R3 is deur dr en mev Kruger en tannie Meiring aangewys as die bes gedekte tafels en daarvoor het die dames van laasgenoemde twee gange, mandjies met lekkergoed ontvang.

'n Sokkervoorwedstryd, eerstejaarbetogers met blou koppe en 'n heildronk wat deur Muller Bronkhorst op die sjampanjenooi ingestel is, het die hoofwedstryd, R-blok teen P-blok, voorafgegaan. R-blok het ook op die gebied van rugby hulself as uitblinkers bewys en die droë kele met sjampanje gelawe.

Die spelers is bygestaan deur 'n goed-toegeruste noodhulpspan en toeskouers van veral die manskoshuise het nou en dan iets bemoedigend van hulle kant laat hoor.

Oor die naweek het Puk se agtjarige en Kovsies se vyfjarige Vergeet-my-nie's saam 'n ou tradisie laat herleef.

Saterdagoggend was Kovsies die algehele boeresportwenner.

Kovsies se Vergeet-my-nie het van die geleentheid gebruik gemaak om hul nuwe embleem, 'n oranje-en-swart gesiggie, te onthul. Die verjaardagkoek was ook in die vorm van die embleem.

By die aand se dames-dinee was daar 'n baie interessante praatjie oor etiket en by dieselfde geleentheid het almal geskenkpakkies ontvang.

Oud primaria's en inwoners van dié koshuis was ook teenwoordig en by die geleentheid is hulle eerste Vergeet-my-nie van die jaar gekies.

# Aster begin flink

**SOMMER so met die intrapslag in die nuwe termyn was Aster baie bedrywig.**

Ouma se laslappieskeppings is deesdae weer hoogmode. Dinsdag-, Woensdag- en Donderdagaand het mev Roots en Baransky aan die Pukdames kom wys hoe word dit gedoen, hoe groot jy moet knip en waar jy moet las.

Dinsdagaand het mev Le Riche, 'n skoonheidsdeskundige, so reg na 'n vrou se hart gepraat met haar nuttige wenke oor die korrekte manier van velversorging en die aanwending van grimering.

Cronjé Lemmer is 'n kenner op die gebied van kleredrag. Hy het daarop gewys dat 'n mens klere na jou persoonlikheid en met groot oorleg moet koop. Om sy standpunte te illustreer, het mev Bets Rheede Woensdagaand klere vertoon wat hy self gemaak het.

'n Skuifievertoning — aangebied deur die Huishoudkundevereniging — het 'n suksesvolle week afgesluit.

## Gibbens nie uit

IN Die Wapad van 7 Augustus 1981 is berig dat George Gibbens uit die hospitaal ontslaan word. Teen die einde van verlede week het geneeshere egter besluit dat hy nog vir 'n onbepaalde tyd in die hospitaal moet bly.

# Heide word elf

**VIR die dames van Heide was 5 Augustus sommer 'n baie belangrike dag. Op dié Gonniedag het hul koshuis elf jaar oud geword, en daar is behoorlik feesgevier.**

Die koshuis is met linte en blomme versier, en die dag het op 'n hoë noot met 'n sjampanje-ontbyt begin.

Kaas en wyn het die aand gevolg wat die vorm van 'n talentaand aangeneem het. Daar is toneeltjies opgevoer, gedigte voorgedra, klavier gespeel en lekker gesing. Sonja Herholdt se "besoek" met oumatjie Prinsloo as spesiale "gas" was natuurlik die aand se hoogtepunt!

Vir die eerstejaars het nog 'n verrassing gevolg toe hulle later onthef is.

NUWE JETTA



Die ruim nuwe VW Jetta het geland.

Met 'n spoggrootte 520 dm³ bagasiebak. 'n Ruim kajuit met nuwe standaarde van swierige binnekenmerke:

'n Omvattend toegeruste paneelbord met toereteller en syferhorlosie (GLS-modelle). Getinte voorruit. Pluispooltapyte kleuraangepas by ingevoerde veloermateriaalbekleedsel. En 'n verhitte agtervenster (GLS).

Beskikbaar in GL 4-spoed-handrat, GLS 5 spoed-handrat, GLS outomaties.

As u dus 'n motor wil loods met so 'n pragvoorkoms dat dit net deur sy indrukwekkende standaarde van ingenieurswese en ruimte oortref word . . .

RUIMTETUIG

Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220
Potchefstroom
Tel: 4261


Vlieg Metta Jetta

VW JETTA

J40

Tina Schöltz

Skoonheidsterapeut en Grimeerkunstenares.



Arkade Apteek, Edgars Gebou,
Tel.: Werk: 8543 — Woning: 6523
Kerkstraat, Potchefstroom

We give free consultations on all skin and figure problems

# Voorkeure bekyk

**DIE Bedryfsekonomie-III-jaargroep, tesame met die navorsingsafdeling van die universiteit, loods op die oomblik 'n ondersoek na die bestedingspatrone en verbruikersvoorkeure van voltydse studente.**

Die dosente wat betrokke is, is dr. G.J. de Klerk en mnr. J. van Zyl. Die projek word sterk gesteun deur die Sakekamer van Potchefstroom. Volgens mej. S. Steyn, 'n B.Comm-student, is die doel van die navorsing om die student met die vervulling van sy behoeftes tegemoet te kom.

Die inligting word met behulp van vraelyste ingesamel. Die vraelyste is op 'n kort en bondige wyse geformuleer en die samewerking van die studente word gevra. Die sukses van die ondersoek hang grootliks van die studente se samewerking af. Die vraelyste moet eerlik en korrek ingevul word. Foutiewe inligting sal nie net die projek verongeluk nie, maar ook 'n verlies in die hand werk omdat die koste van die vraelyste hoog was.

Die voordele wat met die studie bereik kan word, is vir almal van wesenlike belang. Daar word onder meer beoog om beter kredietfasiliteite, goedkoper boeke by 'n boekwinkel met flinker diens en baie ander geriewe vir die studente te verkry.

Studente kry die geleentheid om voorstelle op die laaste blad van die vraelys te maak. Sodra die projek afgehandel is, sal die uitslag aan die studente bekend gemaak word.

# Studenteraad-verkiesing

DIE SSR-verkiesing vind op 27 Augustus plaas. Die verkiesingskomitee doen 'n beroep op studente om in hul hordes te kom stem en aan die Groot en Klein Swete deel te neem.

Wat die Klein Swete betref, is daar vier ondervraag-plekke: Sentrale eetsaal (Over-de-Voor, Dawie Dup, Heide, Karlien, Voorhuis-eetsaal (Kasteel, Wanda, Vergeet-my-nie, Wag-'n-bietjie), Totiussaal (Klooster, Klawerhof, Oosterhof, Kulu, Heimat, Uitspan) en Skuur-eetsaal (Hombré, Caput).

Die Klein Swete vind op Maandag 24 en Dinsdag 25 Augustus om 19h00 plaas. Die Groot Sweet is op Woensdag 26 Augustus om 19h00 in die Ouditorium.

# Pukke wapper straks vlaggies

**WANNEER die Kovsies in Augustus Potchefstroom toe kom , gaan 'n wapperende Puk-massa hulle tien-en-een inwag.**

**Lukas van der Merwe, SSR-lid vir PU-kleure, Reklame en Toere sê hulle wil Puk-vlaggies laat maak om die samehorigheidsgevoel tydens Intervarsity te versterk.**

Die planne in verband met die ontwerp is nog nie gefinaliseer nie, maar die plan is om die Puk-vlag as 'n moontlike onderwerp te gebruik. Indien daar 'n borg vir die beoogde vlaggies gevind word, sal dit teen 'n minimale bedrag verkoop kan word.

### Baadjie-dag

Vrydag as baadjie-dag is 'n ou Puk-tradisie wat uitgesterf het. Die SSR wil dit graag weer 'n instelling maak. Lukas sê dit sal studente meer bewus maak van hul identiteit as 'n Puk. Dit sal ook universitêre gebondenheid aanmoedig.

# Toer met ASB

DIE ASB reël vanjaar 'n Europese toer.

Die toer duur vanaf 28 November 1981 tot 21 Desember 1981. Spanje, Frankryk, Engeland, Holland, Duitsland, Oostenryk, Italië en Griekeland word besoek teen R1635 per persoon. 'n Addisionele 9 dae in Israel sal R355,00 meer beloop.

Die deposito op die toer is R150,00.

Inligtingstukke met meer besonderhede, asook die besprekingsvorms is verkrygbaar by die SSR-sekretaresse.

# Prof Elaine weer terug

— Zelda Nel —

**Professor Elaine Botha is een van daardie mense wat 'n mens laat wonder wat geword het van die onbereikbaar-verre gestalte agter die kateder wat studente vreesbevange laat bou aan hul minderwaardigheidkomplekse.**

Pas terug vanuit Kanada, waar sy vir dertien maande aan The King's College doseer het, vul sy weer haar pos aan die Puk op haar uniek-kleurvolle wyse.

Dit is 'n proses om 'n afspraak met een van die grootste geeste op die kampus te reël. Nadat sy haar sakboekie gefynkam het met al die sorg van 'n diamantdelwer wat gruis sif, vind sy 'n gapinkie in 'n andersins baie besige dag, en jy staan voor haar deur — studentedom en vasberade om die mees intelligente vrae te stel.

The King's College, vertel sy, is 'n christelike instansie wat bestaan uit ongeveer 150 studente en sestien dosente. Slegs agt van laasgenoemde is voltyds aan die kollege verbonde. Die enigste vakke wat aangebied word, is Teologie, Filosofie (haar doseerrigting), Engels, Geskiedenis en Interdissiplinêre studies. Die Amerikaners verwys na dié tipe instansie as 'n "Liberal Arts College". Wat ons hieronder kan verstaan, is dat studente die geleentheid kry om so breedvoerig moontlik op die onderwerpe van hul keuse in te gaan.

Dit is nie noodwendig dat die gegradueerdes aan die kollege teologiese beroepe sal volg nie. Prof. Elaine verduidelik dat mense hierdie tipe opleiding noodsaaklik ag vir hul Christelike opvoeding. Hoewel hierdie studente in ouderdom ooreenkom met Pukstudente, is hulle feitlik deur die bank reeds selfonderhoudend. Sy kyk na my hande en merk op dat dames in haar klasse se hande nie só lyk nie. Hul naels is kort, hul hande dikwels vol skrape en kolle van harde hande-arbeid soos bouwerk. Hulle is volwasse mense vir wie dit baie opoffering kos om te studeer, en wat uiteraard meer ernstig is oor hul studies.

Die kollege se finansies is geheel en al afhanklik van donasies. Die dosente is baie gemotiveerd in hul werk, want daar is amper 'n direkte verband tussen die kwaliteit van hul werk en die vraag of hulle 'n salaris sal kan trek aan die einde van die maand.

Iets wat Prof. Elaine aanvanklik vreemd gevind het, is die feit dat studente gereeld vraelyste invul oor die dosente wat vir hulle klasgee. Is die dosent voorbereid? Is die dosent te familiêr, te afsydig? Daar is dus direkte terugvoer vanaf studente na dosent. Algaande kon prof. Elaine agterkom hoe belangrik so 'n stelsel is. Dit kan slegs goeie gevolge hê en doseermetodes verbeter.

Die algemene idee dat Amerikaanse studente meer spontaan is as Suid-Afrikaners, is deur prof Elaine bevestig. Tog is Pukke meer inskiklik om in 'n argument betrokke te raak. Baie van hierdie studente se ouers het groot somme geld betaal om hulle in Christelike skole te laat opvoed, en daarom is begrippe in die Wetenskapsleer wat ons hoofbrekens besorg vir hulle die spreekwoordelike "old hat".

Op die vraag of sy weer sal wil teruggaan, kom daar 'n groot verlange in die professor se oë en 'n mens kan sien dat sy die meer persoonlike interaksie van haar klein kollege oorkant die waters baie mis. Daar is egter soveel werk wat hier te doen is, soveel vriende, en ons hoop dis genoeg om haar in ons midde te hou.



• *Professor Elaine Botha bestempel die toestand wat daar in haar kantoor heers ná haar dertien maande se afwesigheid, as "divine chaos". Haar doseerperiode aan The King's College in Kanada, het haar egter baie geleer.*

**Bult Droogskoonmakers**
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag

**EV'S PLACE**
*"Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie"*
Kerkstraat 205 (Langs Barclays Bank)
Dié geskenkwinkel in Potch. Studente baie welkom!

**NB WHOLESALE SUPERAMA**
Pietersenstraat, • Indiërsentrum
• Potchefstroom — Tel: 4381

Magic Cubes Large .............. **R2,95**
Sharp EL208 Calculators .............. **R5,99**
Casio FX602 Programmable Calculators ...... **R125**
Casio 3 in 1 gift pack Watch, Calculator, Pen .............. **R14,95**
Sharp PC1211 Basic Computer ..... **R149**
Printer-interphase unit for PC124.... **R124**
Salton Soda Stream
Kompleet met gasbottel en drie bottels geure —
Slegs ........... **R45,95**
Moulinex Elektriese Messe
Slegs ........... **R15,95**
Salton Electric-fondue set
Slegs ........... **R53,95**
Electrolux SP 757 Stofsuier
Slegs.......... **R162,95**
Atari TV-games
Slegs.......... **R205,95**
First love poppe
Slegs ........... **R16,50**

die WAPAD

## Wetenskapsleer moet verander

'n Briefskrywer het verlede week voorgestel dat Wetenskapsleer vervang moet word met huweliksvoorligting. Vandeesweek se reaksie daarop wissel van diepe waardering vir die vak tot 'n stelling dat Wetenskapsleer vir die volksvaders is.

Hierdie reaksie dui duidelik daarop dat baie studente nie tevrede is met die huidige stand van sake nie — hetsy die bestaan of inhoud van die vak. Dit lyk asof die owerheid maar weer indringend na die vak moet kyk — veral na die praktiese toepassing van beginsels in die wetenskapsbeoefening en ook in die daaglikse lewe.

Die nuwe band tussen Wetenskapsleer en die Studenteburo kan dalk help dat hierdie vak vir studente verteerbaar of dalk aanvaarbaar word!

## Verkiesingstryd op Puk?

Die Pukkampus is nie gewoond aan veldtogvoering deur voornemende SR-lede nie.

Dit het nodig geword omdat ons eenvoudig te veel mense is om die kandidate bloot op die naam of foto af te herken. Die swete, veral die groot sweet, word ten spyte van alle moontlike pogings deur die verkiesingskomitee maar swak bygewoon.

Die doel van veldtogvoering is om die stemgeregtigdes bewus te maak van wie staan, en waarvoor hulle staan. Dit is nie 'n poging om te "tender vir SR" nie, maar 'n poging om die massa in te lig oor aangeleenthede waaroor hulle moet besluit by die stembus.

Dit is nou ampter te laat, maar dalk is daar 'n kandidaat wat bereid is om voor die verkiesing op eie inisiatief na vore te tree en die kiesers te oortuig van die noodsaaklikheid dat hy verkies moet word. Of gaan die kandidate maar weer oë toeknyp en hoop dat hulle verkies word?

**HOOFREDAKTEUR:** Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.
**Boodskappe** kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
Tye: **Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00**
**Dins tot Don 13h30 — 16h30**

### Dit verg baie om 'n Christen te wees

**"DIE jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie . . . Volg My, en laat die dooies hul eie dooies begrawe" (Mt 8:18-22).**


Dit klink vir ons vandag vreemd as gesê word dat jy goed moet besin voordat jy 'n Christen wil word omdat dit 'n weg is waarop baie van jou geverg gaan word. Dit is 'n pad waarop jy jouself moet opoffer.

Christus het baie wonders gedoen. In die direk voorafgaande deel het Hy 'n melaatse en 'n verlamde genees. Dit het op die omstanders 'n groot indruk gemaak. Van hulle het ook die voordele ingesien om 'n volgeling van Christus te wees. Dit het baie aanloklik gelyk. In sy voortvarendheid sê die skrifgeleerde dat hy Christus sal volg waar Hy ookal gaan. Dit verbaas ons dat Christus nie sy aanbod in blydskap aanvaar nie, maar dat Hy aan hom die werklikheid van volgelingskap voorhou. Skielik lyk dit nie meer vir die man so aantreklik nie en ons hoor ook nie verder van hom nie. Christus het gesien dat hierdie man nie mooi weet waarvoor hy hom inlaat nie. Hy het nie opreg en goed besin voordat hy Christus genader het nie.

Hierdie selfde waarskuwing kom na ons wat goeie Christene is, maar wat nog nie die koste van ons onderneming bereken het nie. Om maar, soos in vers twintig, te wys op één van die elemente, moet ons duidelik besef dat ons ons nie té tuis in die wêreld moet maak nie. So moet ons nie in ons eie ambisie en prestasie opgaan nie, sodat ons nie 'n oop oog het vir die behoefte van iemand wat saam met ons studeer of wat vir ons werk nie. 'n Politiek wat op selfbehoud en oorlewing gegrond is, is een wat die wêreld sy tuiste gemaak het. As volgelinge van Christus sal ons nie krampagtig aan die wêreld, sy plesiere en afleidings, vasklou nie, maar dit beteken dat elkeen bereid moet wees om sy self op te offer.

Dink en besin voordat jy jouself as 'n volgeling van Christus beskou.

**Dirk Postma**




● *Baie studente meen Die Wapad se beriggewing is subjektief. Dit blyk uit die SSR-behoeftebepa lingsvraelys. In die geharwar van 'n koerantkantoor kan beriggewing egter nooit ten volle objektief wees nie.*

# SR-verkiesing op ander kampusse

**Berig deur Trudie Scholtz en Gerrie Snyman**

**'n SR-verkiesing word altyd gekenmerk deur 'n entoesiastiese wonder-wie-gaan-staan en 'n oor-tot-oor-druppende vriendelikheid van voornemende kandidate.**

Op die Puk word hierdie mense vanuit besture vir verskillende portefeuljes genomineer. Hoe lyk dit op ander kampusse?

Kovsies verkies elke jaar sewentien lede. Sewe van hulle word in verskanste portefeuljes verkies. Daarvoor is vorige ervaring 'n aanbeveling.

Hierdie verskanste protefeuljes is dinge soos interne skakeling vir mans en dames, sport, publikasies, jool, akademies en nie-akademies.

Die ander tien SR-lede word in oop portefeuljes verkies.

Tukkies se Sentrale Studenteraad bestaan uit 'n binnemuurse en buitemuurse studenteraad. Twintig lede moet verkies word.

Hulle is opgedeel in mans- en dameskiesafdelings. Die mans moet ses lede verkies, dames drie, dagstudente drie, die satelliet kampus (Onderstepoort) ook drie.

Die enigste twee lede wat nie by wyse van kiesafdelings verkies word nie, is dié vir sport en verenigings.

Die joolvoorsitter word deur die vorige joolkommitee aangewys. Die orige drie lede word uit oop portefeuljes verkies.

RAU ken nie 'n kiesafdelingstelsel nie. In teorie hoef die kandidate nie vir 'n betrokke portefeulje te staan nie. In praktyk word die kandidate egter vir 'n betrokke portefeulje genomineer.

Sou 'n kandidaat nie vir 'n portefeulje wil staan nie, staan hy of sy gewoonlik vir 'n spesifieke saak waaraan hy of sy, sy of haar aandag sal wy.

Van die begin van hierdie jaar af is die getal SR-lede vermeerder van dertien na vyftien. Geen groep het verskanste sitting op die SR nie, hoewel stemme opgaan vir verskanste sitting vir die aandstudente.

Op Kovsies word die SR-voorsitter van vanjaar af ook deur die studentegemeenskap gekies soos op die Puk.

RAU en Tukkies se onderskeie studenterade verkies die voorsitter uit hul eie geledere.

### Stempersentasie

Vra enige hoofkiesbeampte hoeveel die stempersentasie is en hy kry 'n weemoedige trek op sy gesig en sê enigiets tussen 30 persent en 50 persent.

En dit is nogal hoë stempersentasies.

Verlede jaar moes Kovsies tevrede wees met 29,8 persent, Tukkies met 54 persent, terwyl RAU nie wegkom bo 'n gemiddelde van 30 persent nie.

Die rede vir dié lae stempersentasies lê in die wyse van berekening.

Wanneer die koshuisstudente se stemme alleen bereken word, dan is die stempersentasie hoog — soveel as 90 persent.

Sodra die dagstudente en buitemuurse studente se getalle bygereken word, dan lê dit onder op die grond — so 4 persent.

Stemgeregtigheid eis dus nie hoë kwalifikasies nie. Op Tukkies mag almal van hul tweede jaar af stem, op Kovsies van hul tweede jaar af as hulle hul kleureksamen geslaag het en op RAU ook almal van hul tweede jaar af, asook eerste-jaars wat reeds hul joolgelde betaal het, aktief betrokke is by die studentelewe en hul kleureksamen geslaag het.

## Parlement kry 'n embleem

**DIE Studenteparlement se embleem is goedgekeur deur die nasionale Departement Heraldiek.**

Die ontwerp van die studente is aanvaar, maar die Departement doen self eers skaafwerk aan die ontwerp voordat dit finaal erken word.

Dit sal 'n nasionale erkende embleem wees wat nie nageboots mag word nie. Die embleem sal in dieselfde kategorie as die Puk-wapen en Puk-vlag val. Tans word weinig organisasies of rade van die Puk se wapens deur die Departement erken.

Die verkryging van 'n embleem sal die Studenteparlement se aansien verhoog. Dit sal aansluit by die grondwetveranderinge van die Studenteparlement wat vroeër vanjaar funksioneringsreg gekry het.

STUDENTEBURO

# Hulp met akademie

**AANPASSINGSPROBLEME, emosionele- en verhoudingsprobleme, studieprobleme, ens. wat in die normale groeiproses tot volwassenheid mag voorkom, werk remmend in op akademiese vordering en die algemene vormingsproses van die student. Die Studenteburo wil hier 'n vriend en raadgewer wees en wil graag die student help om hom/haarself te help.**

Dienste wat aangebied word is onder meer:

1. **Loopbaankeuse:** Deur onderhoude te voer en aanleg- en belangstellingstoetse af te neem word studente gehelp om 'n studierigting ooreenkomstig sy aanleg, vermoë en belangstelling te kies en 'n kursus ooreenkomstig die Universiteitsregulasies saam te stel.
2. **Beroepsinligting:** Inligting oor 'n verskeidenheid beroepe word verskaf en 'n werkgewersweek word jaarliks gereël waartydens instansies die Universiteit besoek om inligting aan studente oor verskillende beroepsrigtings te verskaf.
3. **Persoonlike probleme:** Aandag word gegee aan persoonlike probleme soos onder meer aanpassingsprobleme, emosionele probleme, spanning, angs, studieprobleme, liefdesprobleme, ensovoorts.
4. **Studiemetodes:** Studiemetodevoorligting word verskaf aan studente wat studieprobleme ondervind.

Mnr H N (Nic) Kotze wat as studenteadviseur (voorligting) in die Studenteburo werksaam is, is hoofsaaklik verantwoordelik vir bogenoemde dienste.

Mnr Kotze is beskikbaar in die volgende lokale:

**Kamer E20 Psigologiegebou**
Maandag: 08h00-13h00, 14h00-16h30.
Dinsdag: 08h00-13h00.
Donderdag: 08h00-13h00, 14h00-16h30.
Vrydag: 08h00-13h00.
**Administrasiegebou Kamer 19**
Dinsdag: 14h00-16h30.
Woensdag: 08h00-13h00, 14h00-16h30.
Vrydag: 14h00-16h30.




Bussie 13
Studenteraad

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Huwelik én IW

**Meneer**

"Huwelik reg, IW moet weg" (in uitgawe 7 Aug) was 'n opskrif wat dadelik die oog gevang het. Hoera aan mnr C F Schoeman wat die moed het om so 'n standpunt te stel. Aan hom gee ek my volle steun.

Agteraf het die Pukke altyd baie te kla oor die feit dat hulle twee vervelige periodes 'n week in die IW-klas moet "omslaap". Almal brom onderlangs en vir IW word daar in elk geval nie 'n steek werk verrig nie — wat nog van "swot". Die onderwerpe wat in IW behandel word het ons al in ons laerskooljare oor klaarheid gekry, en help die toewikkeling in hoë waarde nie meer om aan die afgewaterde onderwerpe kleur te gee nie. So 'n kursus sou in 'n vroeëre leeftyd nuttig te pas gekom het.

Ek steun mnr Schoeman met sy voorstel dat 'n vak soos huweliksvoorbereiding ingestel moet word, maar ek dink dat dit selfs 'n groot verbetering sal wees as ons net 'n semester aan IW, soos dit nou is, bestee en die 2de semester aan huweliksvoorbereiding. So sal beide die volksvaders en die studente tevrede gestel kan word.

Enige Pukke wat bereid is om verder te dink as wat die volksvaders voorskryf, laat van julle hoor!!

**Anna-Math**

# *IW vir Paul Kruger*

**Meneer**

Geluk aan Mnr. Schoeman wat die moed het om 'n klug wat al vir jare lank voortduur aan die kaak te stel. Ek is daarvan oortuig dat minstens 95 persent van die Pukke teen IW is.

Waarom dan nog Paul Kruger-tydgenote tevrede stel en IW draf? Watter nut het die vak vir ons? Ek veronderstel dat studente as volwassenes beskou kan word en dus al self hul eie waarde- en normstelsels vasgelê het. Hoekom dan nie eerder 'n vak, wat wel waarde sal hê, instel nie? Die meeste Pukke is in die duister betreffende die huwelik en alle ander komponente wat dit behels.

Ek wil dus 'n beroep doen op alle volwasse studente om hul standpunt te stel en die sweer, wat mnr Schoeman laat oopbars het, te reinig!

**Ronnie**

# Dink goed oor Wetenskapsleer

**Meneer**

Ek wil graag antwoord op C F Schoeman se brief in die Wapad van Vrydag 7 Augustus.

Mnr Schoeman het beslis 'n punt beet as hy pleit vir huweliksvoorligting aan ons universiteit. En watter universiteit in ons land sou beter huweliksvoorligting kon gee as juis óns universiteit waar daar voorligting gegee kan word oor hoe 'n Christelik-gefundeerde huwelik daar behoort uit te sien? Mooiskoot, mnr Schoeman!

Waaroor ek eintlik wil skryf, is oor die aanklag van mnr Schoeman dat Wetenskapsleer aan die Puk 'n klug is. Dit is 'n verskriklike aanklag, want dit impliseer dat ons besig is om ons tyd, ons geld en die staat se geld te mors op iets wat onnodig is.

Wanneer 'n mens die Universiteitsowerhede van so 'n verskriklike ding aankla, moet 'n mens baie seker wees van jou saak en impliseer dit dat 'n mens die saak vooraf deeglik moes ondersoek het. Ek vertrou dat mnr Schoeman hierdie uiters belangrike voorvereiste vir so 'n aanklag nie agterweë gelaat het nie.

Ek wil dan self ook graag enkele vrae wat moontlike ondersoeke kan stimuleer, aangesien dit 'n algemene feit is dat baie studente Wetenskapsleer as 'n klug sien. U let natuurlik op dat ek nie sê dit IS 'n klug nie. 'n Mens sou eers so 'n stelling kon waag wanneer dit deur ondersoeke so bewys is.

My vrae: Het die dosente wat Wetenskapsleer aanbied, nie miskien skuld daaraan deurdat hulle nie behoorlik aandui wat hulle ten doel het met Wetenskapsleer nie? 'n Mens reis nie graag as jy nie weet waarheen jy op pad is nie.

Het die studente wat Wetenskapsleer draf, genoeg insig om te verstaan wat die sin van Wetenskapsleer is? Toe ek nog klein was, het my pa my sekere dinge verbied. Ek kon dit tóé nie verstaan nie, maar vandag sê ek dankie daarvoor. Is ons nie maar almal soms nog klein nie?

Word baie studente nie ook maar meegesleur deur 'n gees van "Almal is téén Wetenskapsleer, ek moet seker ook maar wees" nie?

So sou 'n mens kon aangaan. Wat my persoonlik betref, wil ek vir God dankie sê dat Hy my die geleentheid gegee het om aan so 'n universiteit te studeer — 'n universiteit wat wil toesien dat ek nie as 'n vakidioot die wêreld moet instap nie. Want hier kon ek, ook dmv Wetenskapsleer, insig kry in die omvattende heerskappy van God oor álles, ook om my vakgebied in perspektief te kon sien teen die groot agtergrond van God se asemrowende geskapenheid!

**Dankie**

# Kanker nader beskou




**— Lana Oelofse —**

**Wat is kanker?**

KANKER is die onbeheersde groei van liggaamselle wat eers 'n gewas vorm en dan na ander dele van die liggaam versprei. Om dit te begryp moet onthou word dat die mens se liggaam elke oomblik van sy lewe miljoene nuwe selle vorm.

Selle groei egter nie net tot 'n punt nie. Hulle hou aan met verdeling tot die dood intree. Hierdie ordelike verdeling is die essensie van die lewe. Maar wanneer daar in daardie selle skielik wanorde ontstaan en die selle hou aan met buitensporige groei, dan groei hulle tot hulle ander selle bedreig en. dan begin die probleem wat tot gewasse en kanker kan lei.

Die kankerselle steel letterlik die voedsel van die gesonde selle rondom hulle. Hulle dring ook tussen die normale selle in en vorm trossies nuttelose selle wat soms afbreek en wegbreek na ander liggaamsdele waar hulle nuwe kolonies vorm.

Die liggaam se talle organe (hart, lewer, niere, vel ens.) of selfs been hernuwe hulself gedurig en organiseer selle om harmonieus in te skakel met die werking van die liggaam as geheel. Daar is dus baie plekke in die liggaam waar daar fout kan kom as die selle nie korrek verdeel nie en kanker ontstaan dus.

**Waarskuwingstekens van kanker**

Dit is uiters noodsaaklik dat kanker gou opgespoor moet word. Maar, om 'n vroeë diagnose te bespoedig is dit nodig dat elkeen kanker ken. Die wapen is in jou eie hand om self die simptome te ken.

Daar is agt waarskuwingstekens:

1. 'n Kroniese hoes of heesheid.
2. Enige seer of sweer wat nie wil genees nie.
3. Buitengewone bloeding of afskeiding.
4. 'n Skielike verandering in die maag- of blaasgewoontes.
5. Kroniese spysverteringsprobleme of probleme om te sluk.
6. 'n Knop in die bors, armholte, nek of elders op die liggaam.
7. 'n Verandering in 'n moesie of vratjie.
8. Enige onverklaarbare verlies aan massa.

# Puk woon AIESEC by

'n Bestuurslid van AIESEC-ECONOMICA, Hesta van der Westhuizen, het die afgelope vakansie twee belangrike projekte van AIESEC SA bygewoon.

Die AIESEC-winterskool is van 1 tot 15 Julie in Stellenbosch gehou. Die onderwerp was Business Leadership of the Future. Die sprekers was onder andere die Direkteur Stedelike Stigting, mnr J.H. Steyn, dr S.J. Marais van SANLAM en mnr M. Bataille van die International Public Affairs Centre in België.

Dié winterskool gaan moontlik volgende jaar op die Puk aangebied word.

Die Ekonomiese Kongres is van 6 tot 7 Julie in Kaapstad gehou. Die onderwerp was Energy: A factor in Economic Development en verskeie internasionale sprekers het opgetree.

# Boekenhout wen Caput

**CAPUT het Saterdag, 8 Augustus weer interuniversitêre bande met Boekenhout-manskoshuis van Tuks gesmee in die jaarlikse sportdag wat tussen hulle plaasvind.**

Peet Venter, prim van Caput, voel tevrede oor die wyse waarop sy manne hulle rooikatbloed laat geld het teen die Noord-Transvalers. Die uitslae lyk as volg: Caput wen die afdelings veerpyltjies, skaak, tennis, muurbal, pluimbal en sokker. Hulle tweede en derde rugbyspanne het die Tuksmanne in die stof laat byt, maar Boekenhout se eerstespan seevier 24-15 oor Caput se eerstespan. Een afdeling waarin Caput nie skoonskip kon maak nie, was tafeltennis.

Die dag is afgesluit om braaivleisvure langs Potchefstroom se dam, waarna Boekenhout stert-tussen-die-bene terug Pretoria toe is.



● *Die trotse Caputers wat hier pryk met die wisseltrofee en hul koshuis se rooikat, is Peet Venter (primarius), Piet Oosthuizen, P W Verster en Francois Joubert.*

**Florna**

'n Naweekkamp word gereël vir die langnaweek vanaf **Donderdag 3 tot Maandag 7 September by Rusabo** (naby Rustenburg).

Die koste vir die naweek beloop R15.

Die skietlys open op Maandag 17 Augustus by die Inligtingshokkie en 'n deposito van R8 moet betaal word.

TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM

Boutique

DIENS IS ONS TROTS

DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS

Eien. Elmine Brits

ALLETZ JUWELIERS

Fabriekspryse op diamante en handgemaakte juweliersware

● Ontwerp u eie verloof- en trouring
● Waardasiesertifikaat met elke diamant
● 15 jaar ondervinding as diamantslyper

Al my diamante is noukeurig uitgesoek en dus 'n belegging. Doen uself 'n guns en kom vergelyk pryse.

Kerkstraat 195 (Langs Russell's; Eerste Vloer).
Tel: 3322 of 23650 — 24 uur diens.

MOENIE JOU BLARE VERLOOR NIE.




KOM NA EEN VAN ONS STUDENTETAKKE.

Volkskasstudentetakke en agentskappe naaste aan jou.

Volkskas

BANK SUID-AFRIKAANS

8457

Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

# Stigterslid spreek digters toe

**LENS 81, die bundel van die Skrywerskring van die Puk, is op Vrydag 7 Augustus 1981 deur prof TT Cloete bekendgestel.**

By die bekendstelling het PH Roodt, dosent in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Pretoria die geleentheidstoespraak gehou oor "Die jong skrywer."

Mnr Roodt was in 1968 saam met Judith van der Merwe, Joan Kruger en Pieter Claassens een van die stigterslede van Skrywerskring.

In sy toespraak het mnr Roodt die jong kunstenaarskap "n kryg met die self" genoem. 'n Kryg "om tot klaarheid te kom oor die lewe. En dis 'n intieme saak. Wat die meeste hinder is 'n ondraaglike weemoed oor die skoon en droewe dinge van die lewe, 'n liefdesvervulling of 'n liefdesteleurstelling, 'n gevoel dat jy nêrens hoort in hierdie massabestaan nie, durende eensaamheid, wat is God se plan met jou . . ."

Mnr Roodt het toegegee dat oor sulke dinge al groot poësie gemaak is, maar "jy is eers skrywer as jy jou darlings, die mooi en fraai dinge, waaroor jy lekker geskryf het, dikwels oorbodige dinge, in jou werk kan doodmaak."

Mnr Roodt het afgesluit met die woorde van Nijhoff:"Ik ben niet een verbitterde dichter. Ik sta niet met een fluwelen jasje en lange haren te kankeren op mijn tijd, omdat mijn tijd mij en mijn ziel niet hoogschatten wil. Ik heb mij aangepast, ik ben een gewoon mens."

Onder die gaste wat die geleentheid bygewoon het was bekende skrywers: WF van Rooyen (Fuga Burlesque); Piet Haasbroek (Roofvis); Hans du Plessis (Kleinwild); Annesu de Vos (Gebed van 'n groen perske en ander verse); Jan Swanepoel (Wat ver is en naby) en Jeanette Ferreira (Waar een mens saam is).

Werk van 18 studente is in LENS 81 opgeneem. Die bundel staan onder redaksie van Rudolph Willemse, Johan Myburg, Deon van Huizen en Nicolene Hanekom.

LENS 81 is beskikbaar teen R2:00 by die Inligtingstoonbank.



● *Tydens die bekendstelling van LENS 81 het PH Roodt, eerste voorsitter van die Skrywerskring, 'n toespraak gehou oor "Die jong skrywer". Op die foto verskyn saam met mnr Roodt prof TT Cloete (links) en prof Hans du Plessis (regs). Prof du Plessis het gedebuteer met "Kleinveld" en is tans verbonde aan die Departement Afrikaans-Nederlands aan die Puk.*



● *Jako Jordaan, 'n LLB-student aan die universiteit van die Oranje Vrystaat is vanjaar aangewys as wenner van die ASPU-fotokompetisie. Jako dien reeds die afgelope vier jaar as fotograaf op die Irawa-redaksie. Sy groot liefde vir fotografie het eintlik eers op universiteit begin. Hy dien op die bestuur van die UOVS-kameraklub. "Fotografie is ontspannend, uitdagend en 'n manier om uiting te gee aan jou gevoelens", aldus Jako. Hy het dan ook al verskeie fotokompetisies gewen. Hoewel kuns en musiek van sy groot voorliefdes is, bly die verenigingslewe en sport nie agterweë nie.*

# ASPU se wengedig

Johan Myburg, 'n sesdejaar teologiese student aan die PU vir CHO, het vanjaar ASPU se poësiekompetisie gewen.

Johan is die afgelope ses jaar lid van Skrywerskring, die skrywersvereniging op die Puk. Hy het in 1980 die Kuesta-poësiekompetisie en ook die Wapad se poësiekompetisie gewen.

Johan is op Pietersburg gebore en het in 1974 aan die Hoërskool Gimnasium op Potchefstroom gematrikuleer.

***Ballade op 'n Fantasie van 'n Boom***

*O ek het 'n boom*
*'n blinkblaarboom*
*(geen afstamming*
*uit die stamboom*
*van die Heer Hendrik Boom)*

*O ek het 'n boom*
*'n blinkblaarboom –*
*onder teen die stam*
*roer klein bruin slakke*
*en voëls in die boonste takke*

*O ek het 'n boom*
*'n blinkblaarboom*
*op my brein*
*: die eerste simptoom*
*van 'n blinkblaarboomsindroom*

## Plakkers

**"Ons is Pukke"-plakkertjies kan by die Inligtingshokkie gekoop word teen 50 sent.**


## Koerantwerk!

Doen nou by Die Wapad aansoek vir die termyn vanaf September 1981 tot Augustus 1982. Gebruik hierdie vorm en pos dit so gou moontlik in Bussie 13 agter die inligtingshokkie in die studentesentrum of stuur na: Die Administratiewe Bestuurder, Bussie 502, PU vir CHO.

**Naam:** ........................................

**Adres:** ........................................

**Telefoon:** ........................................

Ek stel belang in die volgende:

**Verslaggewing** (bv sport, kuns, sosiaal, algemene nuus) ☐
**Fotografie of Spotprenttekenaars** ☐
**Subwerk** (bv nasien, redigering, bladuitleg) ☐
**Administrasie** (bv tik, advertensiewerwing, verspreiding) ☐

Onderhoude sal op 8, 9 en 10 September met belangstellendes gevoer word.
Van suksesvolle aansoekers sal verwag word om op Saterdag 12 September opleiding te ontvang.

**Aansoeke sluit Donderdag 3 September.**


# Deskundiges help met boedels

**'n Buro vir Boedelbeplanning is aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gestig.**

Met hierdie buro wil die Universiteit voorsien in die steeds groeiende behoefte in die gemeenskap aan veral 'n objektiewe regswetenskaplik-gefundeerde beplanning van 'n persoon se geldelike sake deur deskundiges.

Die Raad van die Universiteit het prof. P. van Z. Aucamp van die Regsfakulteit benoem as die eerste direkteur van die Buro vir Boedelbeplanning.

Ten einde enige moontlike misverstande te voorkom, word dit onomwonde gestel dat die Buro glad nie testamente gaan opstel of die beredding van boedels sal doen nie.

Die Buro sal wel die volgende doen:

* Deur die koördinasie en integrasie van gespesialiseerde kundigheid boedels beplan.

* Die Puk se navorsingstaak uitbou deur die inisiasie, uitvoering en koördinasie van navorsing oor alle aspekte van boedelbeplanning. Dit behels onder meer navorsing oor inkomstebelasting, boedelbelasting, boedelberedding, versekering, investering, maatskappye ensevoorts.

* Uitvoering gee aan die Puk se onderrigtaak deur die instelling van en hulpverlening met die aanbieding van kursusse, lesings en seminare in boedelbeplanning.

# Pukke by FAK

**ELMENE CONRADIE en Hannes Vorster van die Puk was die enigste afgevaardigdes van 'n universiteit wat die FAK-kongres die afgelope Julie-vakansie bygewoon het.**

Tydens vanjaar se kongres is daar twee referate gelewer deur prof F van der Stoep en mnr H van Deventer. Die hooftema van die kongres was vervat in die referaat van prof Van der Stoep wat gehandel het oor "Afrikanereiesoortigheid en volkeverskeidenheid met spesifieke verwysing na die onderwys". Prof Van der Stoep is aan die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria verbonde.

Mnr H van Deventer se referaat, getiteld: "Die Afrikaanse pers, 'n kultuurvennoot", is gelewer tydens die konferensie vir kultuurrade. Mnr Van Deventer is die redakteur van Die Volksblad.

Beide die referate is ter insae by die Kultuurraadskantoor.

# Bingle vereer

'n SPESIALE gradeplegtigheid word op Vrydagaand, 18 September in die ouditorium van die Studentesentrum gehou. 'n Eredoktorsgraad in die Opvoedkundige sal aan prof Hennie Bingle, die vorige rektor van die universiteit, toegeken word.

Die eredoktorsgraad is weens die afsterwe van prof Bingle se vrou nie op die hoofgradeplegtigheid aan hom toegeken nie.

Die rektor, prof Tjaart van der Walt, sal die rede lewer. Die huidige kanselier van die universiteit, dr P W Vorster, se ampstermyn verstryk ook op dié dag. Hy is nie vir 'n verdere termyn as kanselier beskikbaar nie.

# PU-Kaners besoek grensgebiede

**DIE PU-kaners het gedurende die afgelope wintervakansie 'n toer na ons land se oostelike, noordelike grense asook die noordelike grens van Suidwes onderneem.**



• *Die PU-kaner-vermaaklikheidsgroep van die Puk tydens hulle besoek aan die grens die afgelope wintervakansie.*

Die hoogtepunt van die toer was ongetwyfeld die ses dae op Grootfontein, Rundu, Katimo Molilo en Mpacha. Hulle optrede is veral op Mpacha waardeer. Daar was bykans geen siviele persone toegelaat nie en die PU-kaners het opgetree in die vliegtuigloods wat spesiaal vir hulle in' 'n verhoog omskep is.

Terug in Wes-Transvaal het die groep een aand in Klerksdorp 'n vertoning saam met Sonja Herholdt gehad. Hoewel hulle Sonja eers die middag drie-uur ontmoet het, was die vertoning 'n baie groot sukses.

Die PU-kaners tree op in die Hennie Bingle-ouditorium op 14 en 15 Augustus. Daar sal ook nog vertonings wees op Kestell Marble Hall, Groblersdal en ook weer op Krugersdorp. Besprekings kan gedoen word by Bukana, Pat's Harold en by die Inligtingshokkie.



• *Die ou Konservatorium gaan binnekort gesloop word. Die gebou is vir R35 000 verkoop. 'n Woonstelgebou wat die tweede grootste in Potchefstroom sal wees, gaan daar opgerig word.*

# Ou konservatorium word gesloop

**Die Puk se ou Konservatorium in Potgieterstraat gaan binnekort gesloop word. In die plek daarvan gaan 'n woonstelgebou van ses verdiepings opgerig word.**

In Mei verlede jaar het dr. S.P. Fourie van Potchefstroom die ou gebou vir R35 000 gekoop, waar hy binnekort 'n woonstelgebou gaan oprig.

Die woonstelgebou sal waarskynlik die tweede grootste in Potchefstroom wees.

Volgens mnr. S. Geertsema, die Direkteur van Kampusdienste, was die ou Konservatorium die afgelope tyd nie veel werd vir die Universiteit nie.

Dit is vir geruime tyd deur die Bloedoortappingsdiens gebruik. Daarna het huurders sowat nege maande in die ou huis gebly.

Later is besluit dat dit voordeliger sal wees om die ou gebou te verkoop. Die Puk het verskeie eiendomsagente laat weet dat die ou Konservatorium te koop is.

Volgens die Vise-rektor, prof. N.J. Swart, was die eerste aanbiedinge te laag, daarom is die Konservatorium nie dadelik verkoop nie. Later het voornemende kopers die Universiteit meer aangebied vir die gebou. Dr. Fourie se aanbod was die hoogste en is aanvaar.

Volgens mnr. Geertsema kom die geld wat vir die ou Konservatorium gekry is, nuttig te pas. Dit word gebruik vir ontwikkeling op Nooitgedacht, die Puk se plaas langs die Vaalrivier.

# *Laatkommers steur Ikey-vergadering*

**DIE S.R. van die Ikeys hou vergaderings waartydens snaakse voorvalle plaasvind. Op die vergadering van 12 Maart 1981 het 'n lid die vertrek ietwat laat binnegestorm. Dié gedeelte van die notule lui soos volg:**

"At this point an out of breath Mr Gordon came storming into the meeting and immediately opened the window, apparently got his bag which had somehow walked to the window and climbed out shutting the window behind it.

The President emphatically stated that in future the sandwiches will be consumed at tea time and not before".

Heelwat onderwerpe is bespreek vanaf nege-uur die oggend en teen elfuur, terwyl hulle besig was om die komende algemene verkiesing te bespreek, het die volgende gebeur:

"At this point black clad, stocking masked invaders destroyed the meeting with tomato sauce, flour, eggs, batons and a fire extinguisher (wich did not go off). This dastardly attack was unprecedented and considered totally unacceptable".

Nog 'n interessante onderwerp tydens die SR-vergadering op 16 April 1981 was in verband met 'n kampus-spioen. Hulle het ontdek dat 'n sekere Jerome Marshall in diens van die sekuriteitspolisie, was en tegelykertyd 'n student van UCT was. Die SR het hulle sterk daarteen uitgespreek.

Op die vergadering van 20 Maart 1981 is daar 'n mosie in verband met Sandy Bay ingelewer. Hulle het verneem dat die strand as 'n nudistekamp bedreig word. Hulle dra ook kennis van die feit dat Maties, asook die inwoners van Helshoogte en Leo Marquard 'n mosie ingedien het dat Sandy Bay aanvaar moet word as 'n nudistestrand.

Die SR het besluit dat die nudiste op Sandy Bay geen aanstoot vir onskuldige toeskouers kan gee nie, aangedien die strand afgeleë is. Hulle reken ook dat mense wat "the natural human form" onsmaaklik vind, nie die strand hoef te besoek nie.

Hulle het toe eenparig besluit dat 'n beroep op die gesaghebbendes gedoen moet word dat Sandy Bay as 'n nudistekamp aanvaar word.

# Verhouding met Wits word heroorweeg

**DIE verbranding van die landsvlag deur Wits-studente tydens die Republiekfeesvieringe het ongunstige reaksie op die Puk-kampus ontlok.**

DIE SSR het 'n verklaring uitgereik waarin hy sy "afkeer en diepe kommer" uitspreek oor die emosionele optrede van die Witsies. Die verklaring lui dat die verbranding van die landsvlag 'n teken is van gewelddadige verset waarby niemand in Suid-Afrika baat kan vind nie.

Die verklaring lui verder dat alle Suid-Afrikaners lojaal moet wees teenoor die land ongeag politieke oortuiginge. Die landsvlag moet as nasionale simbool eerbiedig word.


Die SSR het besluit om sy toekomstige verhouding met die Witsies ernstig te heroorweeg indien die studenteraad van Wits hom nie van hierdie anti-Suid-Afrikaanse optrede distansieer nie.

# Projek begin vroeg

**DAAR gaan gepoog word om volgende jaar groter ondernemings by die afslagkaartprojek te betrek.**

Volgens Wim Vergeer, SSR-lid vir Studentediens en Weerbaarheid staan die projek nog in sy kinderskoene en is meeste van die ondernemings wat alreeds betrek is van die Indiër-sentrum. Volgende jaar sal die projek van die begin van die jaar in werking wees en sal daar gepoog word om groter ondernemings in die dorp te betrek.

Die projek kan tot dusver as redelik geslaagd beskou word, as daar in gedagte gehou word dat daar eers laat in die jaar met die projek begin is. Daar is vanjaar al sowat vierhonderd van die kaarte verkoop en daar word gehoop om in die toekoms nog 'n groter sukses van die projek te maak.

WESVAAL DIAMANTE

*Verskaffers van juweliersware direk aan die studente teen vervaardigerspryse*

Vervaardig volgens u eie ontwerp indien u so verlang. Gratis waardasies met elke artikel. Reparasies en veranderings aan juweliersware.

Ons koop u ou juweliersware.

Frans en Elna Muller

UITSIGARKADE
Verby Volkskas Bank
Tomstraat die Bult
(Langs Bult Droogskoonmakers)
TEL.: 5574

● Juwele! Rokke!

● Alles vir die hare!

Wat meer wil julle hê?

Kom kry dit by ons!

Santamarkade
Kerkstraat 91
Tel: 24254



Curiosity Hut

GROOTHANDELPRYSE!!

KIES U EIE DIAMANT EN SIT DIT IN 'N RING VAN U KEUSE

GROOT VERSKEIDENHEID JUWELIERSWARE



HENNIE KOTZÉ

CREDO JUWELIERS/JEWELLERS

LEWIS DEURLOOP/ARCADE TEL. 2-1685 KERKSTRAAT 133




# Jukskeispelers se seisoen begin nou

DIE Jukskeiklub is een van die jong groeiende klubs op die Puk. Dit is in 1980 gestig. Tans bestaan die klub uit ongeveer dertig lede.

Reeds in die eerste bestaansjaar, het die klub derde in die Wes-Transvaalliga geëindig. Verdere prestasies is ook gelewer tydens intervarsities. Vanjaar het die jukskeispan net-net 7-8 teen RAU verloor. Die RAU-span bestaan uit twee Springbokke en die hele span is vir die Suid-Afrikaanse span gekies.


Jukskei is 'n eg Suid-Afrikaanse sportsoort. Die Verenigde State het 'n paar jaar gelede Suid-Afrika kom besoek om die spel aan te leer.

'n Jukskeispan bestaan uit vier lede wat van verskillende gooie gebruik maak om punte aan te teken. Hierdie lede poog om dit vir hul teenstaanders moeilik te maak om skofte te wen. Die afstande waarvandaan gegooi word na die pen, wat dan ook die teikengebied is, verskil by mans- en damespelers.

Die Jukskeiklub oefen tans op die ou Puk-velde. Die voorsitter van die klub, mnr Van Rooyen, nooi alle belangstellendes om 'n draai te kom maak en te sien waaroor dit alles gaan.. Omdat dit 'n sportsoort is wat verkieslik in die warm somersmaande gespeel word is dit belangrik dat nuwe lede nou sal begin.



● *Klawerhof wen vir Wag-'n-bietjie in die binnemuurse netbal-koshuisliga wat op die naweek van 1 Augustus plaasgevind het.*



● *Die Stoeiklub het op die SAU-kompetisie 'n tweede plek verower, die eerste plek is deur Tukkies ingeneem.*

# Boekenhout wen Caput

**Boekenhout-koshuis van Tukkies het Saterdag die mini-intervarsity teen Caput gewen. Die eindtelling was 24-15. Rustyd was Caput 15-9 voor.**

Die wedstryd was gekenmerk deur harde voorspelerspel en die humeure het partykeer hoog gevlam. Boekenhout het die vaste skrums sowel as die agterspel oorheers.

Tom Bouwer, heelagter van Caput, Koos Joubert, skrumskakel, en Leon van den Venter, stut het uitgeblink.

Boekenhout se drieë is deur Christo Raath, Louis Coetzee en Paul du Plessis gedruk. Coetzee slaag ook met drie doelskoppe en twee strafskoppe.

Koos Joubert en Tom Bouwer het Caput se drieë gedruk en Hennie Schoeman het dit verdoel. Hy het ook met 'n strafskop geslaag.

## Karate weer bo in SAU's

**DIE PU vir CHO het vanjaar as die gasheer van die SAU-karatetoernooi opgetree.**

Die damespan van die Puk het vir die tweede agtereenvolgende jaar beide afdelings gewen. Hulle het die spankompetisie en die individuele kompetisie gewen. Die hele span het SAU-kleure verwerf. D Bosman, M Holtzhausen, V Jankowitz en J Rens het Proteakleure verwerf.

Die manspan Kata het 'n tweede plek verwerf na RAU. In 'n latere kompetisie het die Pukspan vir 'n Wes-Transvaal Uitnodigingspan deelgeneem en toe met RAU afgereken. Jannie de la Rey het die individuele Kata-afdeling gewen en sy SAU-kleure daarmee verdien.

Die manspan kumite wat bestaan uit J van Tonder, P Pretorius, R Du Plooy, J de la Rey, J Janson en A Beneke, het 'n vierde plek behaal. Riaan du Plooy het die SAU-kumitespan gekry.

Die Pukafrigter, Braam Peens, is op die oomblik in Japan vir verdere gespesialiseerde afrigting. Met die oog hierop verwag die Karateklub groot welslae in die toekoms'.

# PU-kano's vaar goed op die Bergrivier

DIE Puk-Kanospan het goed gevaar op die Wynland Bergrivier-marathon wat vanaf 15 tot 18 Julie plaasgevind het.

Drie lede het onder die eerste 100 geëindig. Deon van der Watt het 'n agste plek behaal, Christo Engelbrecht 'n agtiende plek en Dirk Labuschagne 'n sesen-tagtigste plek. Dirk was die jongste lid van die span en is 'n leerling aan die Potchefstroomse Tegniese Hoërskool.

Daar was agt lede in die span. Die span het derde gekom in die Interuniversiteite-afdeling en negende in die Klub-afdeling.

Daar was vanjaar 'n rekord-getal inskrywings en 240 kanovaarders het klaar gemaak. Al die lede van die Puk-span het onder die eerste 200 geëindig.

Die lede van die span was: Deon van der Walt, Christo Engelbrecht, Dirk Labuschagne, Stephen de Klerk, Bertus Rinke, Jan du Toit, J Bischoff en Charls Luyt.

Die Bergrivier-marathon geskied oor 'n afstand van 256 km en is in vier skofte opgedeel. Die eerste skof is 70 km, die tweede 42 km, die derde 78 km en die laaste skof 62 km.

# Kortsport

### ● Puk-rugby

Die eerste rugbyspan speel Saterdag, 15 Augustus, teen 'n besoekende Walliese rugbyspan. Die Welsh Academicals het hulle wedstryd teen Maties verloor met 15-10.

Die wedstryd vind op Olënpark plaas.

### ● Ibbies

Die Ibbies het Saterdag 39-19 teen Deepville gewen.

Hardlooprugby van die Ibbies het sewe drieë aan hulle besorg. Carl Anschutz en Ben Terblanche het elkeen twee drieë gedruk. Dries van Wyk, Walter Viljoen en Barend Kirsten het elk een drie gedruk. Jan Steenkamp het vier stelskoppe en een strafskop oorgeskop.

Vir Deepville het Michael Gavriel en Gerrie Rheeder elk twee drieë gedruk, waarvan Roelf Kruger twee doelskoppe verdoel het en ook met 'n strafskop geslaag het.

### ● Landloop

Op Saterdag het twee van die Puk se landloopatlete uitgeblink op 'n Wes-Transvaalliga. Dit het plaasgevind op die Onderwyskollege se sportterein. Roelie Cronjé van Hombré het 'n vierde plek behaal in die mans O/21 en Nada Lüdick van Karlien was vyfde in die dames O/19. Die laaste twee landloop-ligas vir die Koshuise sal plaasvind op 12 en 19 Augustus. Koshuisatlete word aangemoedig om deel te neem. Mans moet 'n afstand van 6 km voltooi en die dames slegs 3 km.

### ● Atletiek

Gedurende September kry die koshuise op atletiekgebied weer geleentheid om te wys waartoe hulle in staat is. Die gereëlde ligas sal plaasvind op die volgende 3 datums nl. Woensdae 9, 16, en 23 September. Die liga op 9 September word gekenmerk deur ongewone nommers soos 50 m, 300 m, en 1000 m. Die ander twee ligas sal standaard nommers bevat.

### ● Muurbal

Die dames-muurbalspan behaal 'n vierde plek op die SAU-kampioenskappe terwyl die mans vir 'n negende plek sorg. Heleen Schlebusch is gesamentlik eerste met Gilliam Winckled van Wits in die Proteaspan. A Theron is tiende en is ook genomineer vir die SAU-span wat oorsee gaan toer.

### ● Swem

Eben Pienaar, 'n lid van die Puk swemklub, het tydens die afgelope Suid-Afrikaanse Winterswemkampioenskappe 'n eerste, derde en vierde plek behaal.


### ● Stoei

Die SAU-stoeikampioenskappe is op 1 Julie in Bloemfontein aangebied. Die Puk-span behaal 'n tweede plek en Tukkies die eerste plek. M Roos en P Roux behaal albei 'n eerste plek. Eduard Esterhuyse behaal 'n goeie derde plek. Die ander twee deelnemers was J Krause en W Lombaard.

### ● Tennis

Die Tennis-koshuisligauitslae sien soos volg uit: Die manskoshuise se puntestand is soos volg. Klooster 1 wen teen Caput 11, 24-20. Hombré wen teen Overs 23-21. Amajuba wen teen Overs 23-21. Villagers wen teen Klooster 11, 41-3. Caput 1 wen teen Hombré 28-16.

Die dames-koshuisligauitslae is soos volg. Wag-'n-bietjie wen teen Wanda 27-17. Vergeet-my-nie 1 wen teen Oosterhof 11, 19-7. Klawerhof 1 wen teen Wag-'n-bietjie 30-14. Karlien wen teen Oosterhof 1, 43-1. Wanda speel gelykop met Vergeet-my-nie 11, 22-22. Karlien wen teen Oosterhof 11, 42-2. Vergeet-my-nie 1, wen teen Wanda 27-17. Karlien wen teen Vergeet-my-nie 11, 43-1.



● *Die Puk gimnasium het van die Fanie du Toit sportgronde verskuif na die studentesentrum. Dit is nou meer sentraal en alle Pukke is welkom om van die geriewe gebruik te maak.*